Die besoeker word betower deur die wynlandskap met sy omringende bergwonders

Geestelike verryking vanaf die perd se rug

deur **Hennie Basson**

Begeleide perderitte vir toeriste is besig om landwyd soos paddastoele toe te neem. Besoekers het nou die keuse om die uitgestrekte wonders van die Karoo tot die groen landskappe en blou waters langs die land se kuslyn vanaf 'n perd se rug te aanskou.

Vir twaalf jaar reeds kan hul saam met Fynbos Trails, in die hart van die Wynland, ook die "Groot Vyf" van die Boland op dié manier beleef en oor hierdie landmerke tot in die fynste besonderhede ingelig word. Vanaf onderkant die Hawekwaberge wat bo Wellington uittroon, strek baie van hierdie perderitte oor 'n verskeidenheid plase – Daljosafat langs, oos van die Paarl tot by die Klein Drakensteinberge. Absoluut asemrowend vir buitelanders sowel as Suid-Afrikaners wat 'n historiese deel van die land op dié wyse beter wil leer ken.

Indien hulle dit verkies, maak toeriste kennis met die geskiedenis van hierdie omgewing, waar van die eerste Franse Hugenote hul meer as drie eeue gelede gevestig het en wat só 'n groot rol in die ontstaan van die Afrikaanse taal gespeel het. Ook word sy landbou, argitektoniese skoonheid, gesogte fynbos en, bowenal, sy wyne aan hulle bekend gestel.

Katrin Steytler, wat in die Klein Drakenstein op die plaas Saffier groot geword het, het nie net van jongs af 'n buitengewone liefde vir perde gehad nie, maar ook vir dié mooie omgewing wat sy soos die palm van haar hand ken. Dus 'n toerleier vir hierdie gebied by uitnemendheid.

Sy bedryf dié onderneming vanaf die bekende Wellingtonse wynlandgoed Diemersfontein en het toestemming om met die perde en hul besoekers tot soveel as veertig plase te betree. Hier is nie net wingerde vir wynmaakdoeleindes nie, maar ook wingerdstokkiekwekerye, vrugtebome, boegoeplantasies en olyfboorde. Wat werklik uniek is aan hierdie deel van die Wynland is juis sy stokkiesplantasies. Altesame 90% van die land se stokkies wat aan die Suid-Afrikaanse mark voorsien word, kom van Wellington.

Fynbos Trails se gaste het 'n keuse uit 'n verskeidenheid pakkette wat aan hul voorkeure voldoen. Dit kan 'n perderit van slegs 'n uur lank wees, of kan selfs tot drie dae lank duur. Sommige is slegs om die natuur te bewonder en ander is spesifiek op wynproe gerig. Van die gewildstes is vanselfsprekend dié waar die besoeker van die olywe en wyne van die omgewing – in die Bovlei en Blouvlei – kan geniet. Benewens die wyne van Diemersfontein, waar die perde ook gehuisves word, word wynproeë ook gehou by die Hildebrand Landgoed, die Oude Wellington Wyn en Brandewyn Landgoed, Nabygelegen, De Compagnie en die Doolhof Wynplaas. Ook word by van die Boland se beste restaurante vir etes aangesit en vir die langer ritte is hier uiters geskikte oornaggeriewe.

Wanneer Katrin oor die wynplaasbesoeke gesels, waarsku sy sommer by voorbaat diegene wat nog nie hierdie ritte onderneem het nie om nie hul fiksheid te oorskat nie. "Hulle moet onthou, hier is baie stilhouplekke, heerlike etes, wyn en ander produkte om te geniet – en boonop kan die onfikse persoon hom dit sleg ontgeld wanneer hy (en sy agterstewe!) nie ryfiks is nie."

In die algemeen is hierdie egter ware perdeplesier, sê Katrin. En wat die ritte des te aangenamer maak, is die feit dat die meeste van die plase wat besoek word uiters "plaaseg" is en nie deur toeriste oorweldig word nie. En die boere geniet dit net soveel om hul gasvryheid en kennis van die omgewing met die besoekers te deel.

Katrin en haar assistent, Carol Jeffries, vind kruisrasperde die geskikste vir hierdie doeleindes. Dit sluit in Friesperkruisings, Anglo-Arabiere en Boerperde wat veral vir nuweling-ruiters geskik is. "Hierdie is almal uiters gehoorsame perde wat op handgebare en stembevele reageer. Nogtans moet die ruiters nie absolute beginners wees nie. Dis raadsaam as hulle reeds ondervinding in ryskole opgedoen het."

Dat Katrin haar in 'n beroep bevind "wat bowenal vreugde aan andere verskaf", is vir haar 'n bron van groot genoegdoening. "Dit verryk een en almal op só 'n rit geestelik – ook vir myself. Wanneer van die ruiters by die eindpunt kom en aan jou met 'n dankbaarheid op die gelaat vertel dat dit 'n hoogtepunt in hul lewens was, gee dit weer moed vir die volgende dag se rit." **SAH**

Die grootste fout wat 'n voornemende ruiter kan maak, is om sy vermoë op 'n perd se rug te oorskat

Hartstog met finansiële implikasies

Ofskoon plesierritte van hierdie aard nog groot moontlikhede in Suid-Afrika het, moet voornemende entrepreneurs wat hul hierin wil begewe, dit nie as "'n geldmaak- of rykwordonderneming" beskou nie. "Hierdie beroep is inderwaarheid meer 'n hartstog as enigiets anders," sê Katrin Steytler van Fynbos Trails.

Van die uitgawes waarmee wel deeglik rekening gehou moet word, is uiteraard voer- en veeartskoste wat 'n mens se sak behoorlik kan ruk. Sy glo ook daarin om van 'n goeie perdebeslaner gebruik te maak, selfs al stoot dit die koste op. In haar geval is dit die uiters bedrewe Kevin Dodds van Durbanville wat by die 800 perde per maand beslaan.

Benewens die feit dat sy stalle moet huur, is die bedryf vir sewe dae per week aan die gang en 'n goeie staljong is dus uiters belangrik. Ook moet perdetoerusting, soos saals en tooms, altyd in 'n goeie toestand wees.

Bemarkingskoste kan uiteraard heelwat beloop. In haar geval begin die webtuiste waaroor sy beskik al hoe meer haar taak en koste in dié verband ligter maak. Haar webtuiste is www.fynbostrails.com. Diegene wat verdere wenke in verband met die bedryf wil bekom, kan Katrin by 082 335 8132 of 021 873 1241 kontak.